# Les 06 KONINGSKINDERS: GOD IS KONING: HY LAAT SY KINDERS LEEF

## 1. Inleiding

Verlede keer het ons gesien God sorg vir Sy kinders. Hy laat dit met hulle goed gaan – al probeer koning Farao dat hulle hul morsdood moet werk. Koning Farao wil wys hy is God se baas. Hy wil wys dat as hy vir die Here se kinders so sleg is soos hy wil wees, niemand vir hulle goed kan wees nie, ook nie die Here nie. Maar die Here wys Hý is Sy kinders se God, nie Farao nie. Hy laat dit met hulle nog steeds goed gaan, al probeer die Farao dat hulle hul morsdood moet werk.

## 2. Farao is ’n sissie en ’n boelie!

Vandag gaan ons kyk hoe wys die Here vir ons dat Hy Sy klein kindertjies laat leef, al probeer Farao hul doodmaak. Kom ons lees hierdie ware verhaal saam!

*“ 12 Maar hoe meer die Israeliete onderdruk is, hoe meer het hulle geword en hoe meer het hulle oor die land versprei, in so ’n mate dat die Egiptenaars baie bang geword het vir hulle. 13 Die Egiptenaars het slawe gemaak van die Israeliete 14 en die lewe vir hulle bitter gemaak deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die lande. Hulle moes onder dwang al die slawewerk vir Egipte doen. 15 Die Egiptiese koning het vir die Hebreeuse vroedvroue Sifra en Pua gesê: 16 “As julle ’n Hebreeuse vrou by geboorte bystaan en julle sien by die kraambed dat dit ’n seun is, moet julle hom doodmaak, maar as dit ’n dogter is, mag sy bly lewe.” 17 Maar die vroedvroue het God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie: hulle het die seuntjies laat lewe. 18 Die Egiptiese koning het die vroedvroue ontbied en vir hulle gevra: “Waarom doen julle dit? Waarom laat julle die seuntjies lewe?” 19 Toe antwoord die vroedvroue die farao: “Die Hebreeuse vrouens is nie soos dié van Egipte nie, hulle is sterk van gestel: voordat die vroedvrou by hulle kom, is die kind al gebore.” 20 As gevolg hiervan het die volk aanhou vermeerder en baie talryk geword. God het toe die vroedvroue self ook voorspoedig gemaak. 21 Omdat hulle Hom gedien het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee. 22 Daarna het die farao sy hele volk beveel: “Julle moet elke pasgebore seuntjie in die Nyl gooi, maar spaar die dogtertjies se lewe.”* Exodus 1

Farao wil nog steeds wys hy is God se baas. Kyk hoe wil hy dit nóú wys! Hy kan dit nie regkry om met grootmense te wys hy is God se baas nie. Wat doen hy nou? Nou wil hy wys hy is God se baas deur klein babatjies dood te maak.

God wys Farao is niks anders as ’n sissie en ’n boelie nie. God laat dit met die grootmense goed gaan, al laat Farao hulle hul morsdood werk. Nou word Farao kwaad en probeer hy babatjies doodmaak.

Maar hy is ’n regte sissie! Hy is die groot koning van die wêreld, wat wil hê almal moet glo hy is God se baas – maar hy kan nie eens sélf die klein babatjies doodmaak nie. Hy gaan en sê vir twee tannies húlle moet die babatjies doodmaak. Hy is die groot koning wat die hele land se weermag en al die

polisiemanne het wat vir hom moet luister, maar hy is te bang om húlle die babatjies te laat doodmaak. Hy is bang vir wat God met hom sal doen as sy mense weet hy is ’n koning wat babatjies doodmaak. Dan sal hulle sien hy kan nie soos God lewe gee, en Sy kinders laat leef nie.

Maar dit is nie al nie, kyk watter babatjies maak hy dood: die seuntjies! Hoekom maak hy die seuntjies dood en laat die dogtertjies leef? Want hy is bang vir die seuntjies. Hy kan net sterk en magtig wees teenoor die swakker dogtertjies en vrouens.

Wat noem ’n mens die grootste koning van die wêreld, wie almal glo is die sterkste en belangrikste mens? Wat noem ’n mens ’n koning wat dink God moet ook luister as hy praat? God wys vir ons in die Bybel wat noem ons so ’n koning. Mens noem hom ’n sissie en ’n boelie! Hy kan net wys hy is God se baas deur klein babatjies, die seuntjies, dood te maak.

God wys hy is God deur al die sterre en planete te maak, deur die hele kosmos met al die sterrestelsels en melkweë te maak, deur al die diere, voëls, plante en insekte te maak – maar Farao moet wys hy is groot en sterk deur klein babaseuntjies dood te maak!

Hy is ’n sissie en ’n boelie.

**3. Die Here gebruik twee koningskinders om die Farao se plan te keer**

Die volgende teks moet ons nou in die klas hardop lees en onthou: *“17 Maar die vroedvroue het God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie: hulle het die seuntjies laat lewe.”* Kom ons herhaal dit en gee elkeen kans om dit alleen op te sê, sodat ons hierdie belangrike vers in die Bybel kan onthou.

Werk die Farao se plan om die seuntjies dood te maak? Sy plan is dat hierdie twee tannies, Sifra en Pua, die seuntjies moet doodmaak. Hierdie tannies, Sifra en Pua, is die verpleegsters wat mammas help as hulle babatjies kry. Hulle het babatjies lief. Hulle wil graag babatjies wat swak is en sukkel om gebore te word, help om gebore te word. Hulle wil graag sien hoe babatjies die lewe kan gaan leef wat die Here vir hulle gegee het. Nou sê Farao hierdie tannies, Sifra en Pua – wat babatjies liefhet en graag babatjies wil help om gebore te word – moet die babatjies doodmaak.

Kyk nou wat gebeur! Hierdie twee tannies is koningskinders. Hulle is welpies van die groot maanhaarleeu! Hulle is kinders van die Here. Voor hierdie groot Farao met al sy goud en belangrikheid, is hulle maar klein en baie onbelangrik in mense se oë. Nie een belangrike mens in Egipte ken hierdie twee tannies se name nie. Hulle ken net al die belangrike mense by Farao se paleis, se name.

Dit is net soos ’n klein welpie wat voor die grootste ou buffel van die hele trop buffels staan, met al die ander buffels so om en by hom. Voor hierdie buffel met al sy buffelboewe saam met hom, is ’n welpie maar regtig baie klein.

Maar na wie se stem luister hierdie twee tannies. Hulle is koningskinders! Hulle is kinders van die Koning wat die hemel en die aarde gemaak het. Hulle luister nie na die kwaai stem van hierdie ou sissie en boelie nie. Dit is net soos die welpies. Hulle staan voor al die ou kwaai buffels wat bulk en blaas en raas en stof opgooi. Maar hulle hoor dit nie eintlik nie – al hierdie geraas van die buffels nie. Hulle hoor daardie stem wat net klein welpies kan hoor – die stem van die maanhaarleeu, wat hulle pa is.

Hierdie tannies hoor die Woord van die Here: “Jy mag nie doodslaan nie” en daarom luister hulle nie na die stem van die Farao: “Julle moet die klein seuntjies doodmaak” nie.

Die Here gebruik hierdie twee tannies wat na die Woord van die Here luister, om die groot en magtige Farao se plan om die Here se klein babatjies dood te maak – nie te laat werk nie. Die Here laat hulle leef!

Hoe laat die Here hulle leef? Die Here gebruik nie Sy Almag waarmee Hy sterre en planete laat beweeg nie; Hy gebruik nie die krag van aardbewings en vuurspuwende berge nie; Hy gebruik nie die krag van watervloede nie. Hy gebruik twee ou tannies: twee tannies wat luister na die Woord van die Here en nie na koning Farao se bevel nie. Die Here het nie groot en magtige mense nodig om die koning se boelie- plan te stop en Sy kinders te laat leef nie. Hy gebruik sommer net twee ou tannies wat na Sy Woord luister, om die babatjies te laat leef.

Wie is koning? God! Hy laat nie toe dat groot en sterk mense keer dat Sy kinders kan leef nie. God laat hom nie voorskryf deur groot en magtige mense wat eintlik niks anders is as sissies en boelies nie. God laat Sy kinders leef deur Sy ander kinders wat na Hom luister. Al is hulle sommer net twee ou tannies wat lief is vir kinders, terwyl niemand hulle regtig ken of dink hulle is belangrik nie.

**4. Jok wat nie regtig jok is nie**

Die koning sien sy plan werk nie. Hy weet die twee tannies maak nie die babaseuntjies dood nie. Daarom laat hy hulle ontbied. ‘Ontbied’ beteken die koning laat hulle roep om voor hom te kom staan en vir hom verduidelikings te kom gee hoekom hulle nie doen wat hy vir hulle gesê het nie. Hy weet hulle was nie gehoorsaam aan sy bevele en wette nie. Daarom raas hy met hulle en sê hulle moet verduidelik hoekom is hulle ongehoorsaam: *“Waarom doen julle dit? Waarom laat julle die seuntjies lewe?”*

Kyk wat sê hulle! Hulle sê die mammas en babas is so sterk dat voor hulle hul kan kom help, dan is die babas klaar gebore. Dan loop die mammas met die babas weg voor hulle die seuntjies kan doodmaak.

Praat die tannies die waarheid? Wat doen hulle? Dit lyk asof hulle vir Farao jok!

Is dit regtig jok? As die koning sê: “Maak die seuntjies dood!” Maar hulle luister nie. Hulle help die seuntjies. Dan vertel hulle vir die koning nog boonop hulle was nooit by die seuntjies gewees nie. Maar hulle wás! Hulle het die seuntjies gehelp. Is dit jok?

Hier kom ’n groot geheim. As iemand vir jou vra om hom te help om die wet van die Here te breek, en jy praat só dat jy hulle nie help om die Here se wet te breek nie, dan is dit nie jok nie, al lyk dit so.

Die Farao sê: “Maak die seuntjies dood!”. Hulle baklei nie met hom nie, want hy is te groot en magtig. Maar hulle luister nie wat hy sê nie. As die Farao vra: “Hoekom maak julle hulle nie dood nie? Julle moet hulle doodmaak!” Dan sê hulle vir hom op ’n mooi manier hulle sál nie. Hulle sê nie vir hom: “Ons sal nie! Ons gaan nie!” nie. Hulle maak liewer net asof hulle nie kan nie.

En dit is nie jok nie! Dit is om na die Woord van die Here te luister wanneer die koning sê jy moenie na die Here luister nie, jy moet na hóm luister.

**5. Die Here se koningskinders gehoorsaam nie boelies en sissies wat vir die Here wil wys hulle is Sy se baas nie**

Dink julle dit kan met ons ook gebeur? Dat ons na die Here se Woord luister en daarom op ’n mooi manier vir boelies en sissies sê ons sal nie na hulle luister nie?

Pa’s kan boelies en sissies wees! Dronk pa’s kan vir hulle kinders sê:” Drink saam! Bring vir my nog bier! Sê jou sussie moet haar bek hou! Klap daai kleinboetie wat so skree!” Dan is jou pa daardie ou buffel met sy buffelboewe! Wat maak klein welpies van die Here dan? Dan sê ons op ’n mooi manier: “Ek sal nie!”

Hoe sê ’n mens dit op ’n mooi manier? So! “Pa ek kan nie drink nie, ek is naar. Pa, ek moet gaan huiswerk doen! Pa, ek gaan boetie en sussie bed toe vat.” Is dit jok? Dit is nie jok nie. Dit is die manier waarop die Here se kinders luister na die Here, en nie na dronk pa’s wat die Here se wette wil breek nie.

Net so luister ons ook nie na groot kinders wat boelies en sissies is nie. As hulle vir ons bevele en opdragte gee wat teen die Here se wette is, dan luister ons nie na hulle nie. Want ons hoor die Woord van ons Here wat die God van hemel en aarde is – en Hy sê vir ons wat om te doen, nie boelies en sissies nie.

Net so moet Pappa en Mamma al meer en meer nee sê vir ons land se ministers en regeerders. Wat moet Pappa vir die regeerders sê as hulle vir hom sê: “Moenie meer boer nie, ons gee nie om as mense van honger doodgaan nie, ons wil sommer net die plase hê en niks doen daarmee nie!” ? Moet hulle luister na hierdie bevele? Of as die regeerders vir hulle sê: “Betaal julle belasting! Ons wil dit gebruik vir duur karre en lekker partytjies! Ons gaan nie arm mense help met hospitale en medisyne nie. Ons gaan nie sorg dat daar skoon drinkwater vir alle mense is nie! Ons gaan nie sorg dat die elektriese krag werk nie! Gee ons julle geld! Ons gaan partytjies hou en huise koop vir onsself.” Moet jou pa en ma na hulle luister?

Nee. Ons is kinders van die Here. As die groot en magtige koning sê: “Maak dood die seuntjies!”, dan luister ons na die Here se Woord: “Moenie doodmaak nie.” Dan sê ons op ’n mooi manier nee, en doen wat die Here sê. Dis nie jok nie!

**6. Die Here gebruik onbelangrike mense om Sy kinders te laat leef**

Hoekom moet ons só na die Here luister en nie na boelies en sissies nie, al is hulle die grootste en magtigste koning van die wêreld?

Want die Here gebruik Sy kinders se gehoorsaamheid, om mense te laat leef. Net soos tannie Sifra en Pua. Hulle luister na die Here en só spaar die Here die seuntjies se lewens.

Elke keer as ons na die Here luister en nie na boelies en sissies nie, gebruik die Here ons om mense se lewens goed te maak. So laat die Here mense leef! Net soos met hierdie twee onbelangrike tannies, Sifra en Pua, wat gemaak het dat die Farao nie sy plan om al die babaseuntjies dood te maak, kon laat werk nie.

Ons is koningskinders! Ons luister na die Woord van die Here. As groot en belangrike mense ons wil dwing om teen die Here se Woord iets verkeerds te doen – dan luister ons nie na hulle nie en sê ons op ’n mooi manier – NEE. Dis nie dieselfde as om te jok nie. God sal ons gehoorsaamheid gebruik om mense te laat leef!

**7. Kosbaar vir die Here**

Ons gehoorsaamheid is kosbaar vir die Here. Net soos klein welpies se liefde en gehoorsaamheid vir ’n maanhaarleeu goed en reg is, so is ons gehoorsaamheid vir God goed en reg!

Kyk wat het die Here met hierdie twee tannies gemaak. Hulle het amper 3500 jaar gelede geleef. Hulle eie mense het hulle amper nie eens geken nie. Die groot Farao wat al die piramides gebou het, het hulle as niks en nikswerd beskou – maar tot vandag toe nog ken al die kinders van die Here hierdie twee tannies

se name. En die Farao? Kyk in die Bybel, dan sien julle die Here noem hom nie eens eenkeer op sy naam nie. Ons weet nie eens wie was hierdie magtige koning gewees nie. Ons weet net wie was die twee tannies wat na die Here se Woord geluister het, en die seuntjies laat lewe het.

Ons is kosbaar vir die Here, en ons gehoorsaamheid is vir God kosbaar. Belangrike mense wat dink hulle is God se baas, is vir God sommer niks. Hy noem nie eens hulle name nie. Dit is hoe ons leef vir God, wat sorg dat ons leef en kan leef – ons glo ons en ons lewe is vir Hom kosbaar. Ons glo nie in die belangrikheid van mense wat dink hulle is God se baas nie.

**8. Opdrag**

Gaan vertel vir enige grootmens hoe die twee tannies nie geluister het nie, toe die Farao gesê het: “Maak die seuntjies dood!” Vertel ook dat die tannies vir die koning ’n storie vertel het toe hy gevra het hoekom maak hulle nie die seuntjies dood nie. Dan vra jy vir hulle of die tannies gejok het? Dan kan jy vir hulle die les wys en saam met hulle oor die les gesels.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog